



## doodsvoordele wysiging

Versekering

Finansiële Beplanning

Aftrede

Beleggings

Welvaart

Sodra die versekerde lewe die nodige toestemming aan ons, Sanlam Lewensversekering Beperk (Sanlam Lewens), gegee het en ingestem het om die verhoogde planbetalings te maak, stem ons in om versekering ingevolge die bepalinge en voorwaardes van hierdie plan te verskaf, terwyl die plan van krag is. Sanlam Lewens is 'n Gelisensieerde Verskaffer van Finansiële Dienste.

## Algemene voorwaardes

### Wanneer sal die hoër dekking begin?

Die hoër dekking begin op die laaste van:

- ⊗ die datum waarop ons u aansoek aanvaar,
- ⊗ die dekkingaanvangsdatum vir die voordeel soos uiteengesit in die kontrakdokumente, en
- ⊗ die datum waarop betaling gereël word.

### Wanneer sal die dekking eindig?

Die dekking vir 'n voordeel sal eindig op die eerste van die volgende:

- ⊗ om middernag voor die dekkingbeëindigingsdatum soos uiteengesit in die kontrakdokumente, of
- ⊗ by die dood van die versekerde lewe, of
- ⊗ as die planbetaling nie ten volle gemaak word nie, binne 30 dae na die datum waarop die betaling verskuldig is (ons laat 'n grasietydperk van 30 dae toe), of
- ⊗ by ontvangs van 'n skriftelike versoek om beëindiging deur Sanlam Lewens se hoofkantoor, of
- ⊗ as 'n oneerlike eis vir 'n voordeel ingedien word, of as vals inligting voorsien word.

Die voordele van 'n plan word nie meer verskaf en betalings vir hierdie voordele is nie meer verskuldig nadat die plan beëindig is nie.

### Erkenning van 'n eis

Ons sal 'n eis erken as ons tevrede is dat daar aan al die volgende voorwaardes voldoen is:

- ⊗ Die eis voldoen aan die beskrywing en vereistes van die eisgebeurtenis.
- ⊗ Ons ontvang al die inligting wat ons redelikerwys kan vereis.
- ⊗ Alle aspekte van die eis word bewys deur mediese en ander getuienis wat ons redelikerwys mag vereis.
- ⊗ Die betalings van die plan is ten volle gemaak.

### Belasbaarheid van planvoordele

Behalwe in die geval van sleutelpersoonversekering, waar die werkgewer, as aansoeker, gekies het om betalings vanaf belasbare inkomste af te trek, sal die planvoordele volgens huidige wetgewing nie belasbaar wees in die hande van u begunstigde, indien enige, of u boedel nie. Die planvoordele is egter onderhewig aan boedelbelasting.

### Kontantwaardes

Geen kontantwaardes is betaalbaar ingevolge hierdie plan nie.

### Betaling nie gemaak

U het 30 dae na die datum waarop die betaling verskuldig is, om die betaling te maak. Indien die betaling nie ten volle binne die 30 dae gemaak is nie, sal die plan beëindig word, en sal dit geen verdere voordele bied nie.

## Betalingsgroeï

U huidige betalingsgroeï-reëling sal onveranderd bly. Betalingsgroeï is verpligtend om die kontraktuele dekkingsbedrag van 'n voordeel in stand te hou. Dit mag nie gekanselleer, oorgeslaan of verlaag word nie.

## Hersiening van betaling en waarborg

Die aanvanklike betaling is vir die volle termyn van die voordele bereken en word gegrond op ons beste geraamde veronderstellings van eise en ander faktore. Wanneer 'n waarborgtydperk eindig, sal 'n nuwe waarborgtydperk van vyf jaar begin. Aan die einde van elke waarborgtydperk sal ons die betaling hersien. Ons kan dit dan aanpas, maar slegs as ons veronderstellings van eise en ander faktore verander het en nie omdat 'n versekerde lewe op daardie tydstip ouer is nie.

Wanneer ons ons veronderstellings hersien, kyk ons na die verwagte ondervinding wat verband hou met eise, beleggingsopbrengste op betalingsinkomste, belastingdruk, die koste van herversekering, en vervallings. Ons sal ons werklike ondervinding sowel as bedryfsondervinding van hierdie faktore vir soortgelyke planne, die verwagte uitwerking van toekomstige mediese vooruitgang en gebruike, en ander neigings en/of gebruike wat na verwagting hierdie faktore sal beïnvloed, ontleed. Ons sal dan die veronderstellings wat ten tye van die betalingshersiening toepaslik is, vergelyk met dit wat voorheen gebruik is en, met verwysing na daardie vergelyking, 'n billike en redelike metode vir die berekening van enige aanpassing aan die betaling gebruik.

Die betaling kan as gevolg van hersiene veronderstellings by elke betalingshersiening verhoog word. 'n Betalingsaanpassing hang nie van u individuele omstandighede, byvoorbeeld u gesondheid, ten tyde van die hersiening af nie. As 'n aanpassing aan die einde van die eerste waarborgtydperk gemaak word en die betaling word verhoog, sal die betalingsverhoging nie meer as 30% wees nie. Hierdie verhoging sal van toepassing wees benewens enige kontraktuele voorafbepaalde betalingsgroeï op dieselfde datum.

Enige betalingsaanpassing as gevolg van 'n hersiening sal vanaf die einde van die waarborgtydperk in werking tree. Ons sal u minstens twee maande voor die aanpassing skriftelik in kennis stel. As die betaling as gevolg van 'n hersiening verhoog, het u die keuse om voort te gaan met die betaling van die bedrag soos voor die verhoging in plaas van die verhoogde bedrag. Ons sal dan die dekkingsbedrag van 'n voordeel eweredig verminder.

Alle betalingsbedrae wat na die eerste waarborgtydperk geïllustreer word, word gegrond op ons huidige beste geraamde veronderstellings van eise en ander faktore.

## Voordeelbeskrywing

### Dood

Ons sal die voordeel as 'n enkelbedrag betaal as die versekerde lewe voor die dekkingbeëindigingsdatum sou sterf.

As die versekerde lewe met 'n mediese toestand gediagnoseer word wat, volgens ons Hoof Mediese Beampte, dood binne die volgende 12 maande tot gevolg sal hê, kan u aansoek doen vir 'n vroeë betaling van hierdie voordeel. Ons kan dan 'n vroeë doodsvoordeel betaal. Die bedrag van die vroeë doodsvoordeel sal gelyk wees aan die dekkingsbedrag van hierdie voordeel.

Nadat ons hierdie betaling gemaak het, sal hierdie voordeel sowel as alle ander voordele op die lewe van die versekerde lewe, beëindig. As die versekerde lewe egter 'n betalingkwytskeldingsvoordeel by dood het, sal ons 'n eis vir daardie voordeel ook oorweeg.

Ons sal nie 'n eis erken nie as dood veroorsaak is deur selfmoord, ook tydens kranksinnigheid, wat gepleeg is binne 24 maande na dekking vir hierdie voordeel in werking getree het.

## Hoe sal die betaling van 'n eis die planvoordele en betalings beïnvloed?

As ons 'n eis vir 'n versnellervoordeel, indien geselekteer op die plan, erken, sal ons die dekkingsbedrag van Dood op die versekerde lewe verminder met die bedrag wat ons betaal het. Waar die dekkingsbedrae van 'n ander versnellervoordeel op die versekerde lewe die verminderde dekkingsbedrag van Dood op die versekerde lewe oorskry, sal ons die dekkingsbedrag van die versnellervoordeel verminder na 'n bedrag gelyk aan die verminderde dekkingsbedrag van Dood.

Ons sal die betaling verminder om enige vermindering in dekkingsbedrag weer te gee.

Nota: Die voordeelbeskrywing in hierdie dokument is net 'n opsomming van die belangrikste eienskappe van die doodsvoordeel. As u aansoek vir die verandering aan die plan aanvaar word, sal u kontrakdokumente ontvang wat die voorwaardes van u voordele bevat.

## Sessie

Indien die plan as sekuriteit sedeer is, moet die sessionaris skriftelik vir elke wysiging toestemming gee voordat ons dit kan doen. Dit is u verantwoordelikheid om hierdie toestemming te verkry.

## Eiseprosedure

In die geval van 'n eis moet u asseblief so gou moontlik die Sanlam Lewens Eise-inbelsentrum by 021 916 1710 skakel. Hulle sal help om die nodige vorms in te vul om 'n eis te registreer. Na gelang van die aard van die eis sal dokumentêre bewyse, byvoorbeeld 'n doodsertifikaat of mediese verslag, vereis word.

## Planheffing en direkte bemarkingskommissie

Die planheffing van u bestaande plan sal nie verander nie.

Direkte bemarkingskommissie is ingesluit by die addisionele betaling.

Direkte bemarkingskommissie hang af van u addisionele betaling en die oorblywende termyn van die plan, en word volgens die volgende formule bereken:

Addisionele maandelikse betaling x omsettingsfaktor van 11.4 x oorblywende termyn x 3.25% = Eerstejaarskommissie.

Byvoorbeeld: R100.00 x 11.4 x 20 jaar x 3.25% = R741.00.

Die kommissie in die tweede jaar is 33.3% van die eerstejaarskommissie, m.a.w. die resultaat van die formule x 33.3%.

Direkte bemarkingskommissie is jaarliks vooruitbetaalbaar.

## Dis maklik om vir hierdie wysiging aansoek te doen

U kan óf:

- Ons kontak op 0860 22 33 90 vanaf Maandae tot Donderdae tussen 08:30 en 17:00, en Vrydae tussen 08:30 en 16:00.
- U Sanlam-adviseur of u makelaar kontak. (Skakel 0860 22 33 90 indien u nie 'n Sanlam-adviseur of 'n makelaar het nie.)

## Afkoelperiode

As u verkies om nie met die verandering aan die plan wat op u versoek gedoen is voort te gaan nie, kan u dit kanselleer deur ons skriftelik in kennis te stel. Hierdie kennisgewing, deur u onderteken, moet ons binne 30 dae nadat u die kontrakdokumente ontvang het, bereik. U moet asseblief ook die kontrakdokumente aan ons terugbesorg. Ons sal dan enige verhoging in betalings wat reeds gemaak is, terugbetaal en die plan herstel na wat dit voor die wysiging was.

## Vervanging van versekering

Dit is nie in u belang om betalings op 'n bestaande plan te kanselleer of op te hou om dit te betaal, om 'n nuwe plan uit te neem nie. Dit is belangrik dat u die invloed wat dit op u finansiële beplanning mag hê, sal verstaan. Sommige van die potensiele gevolge van so 'n vervanging is:

- betaling van nuwe heffings;
- die invloed van verhoogde ouderdom op betalings;
- toekomstige onversekerbaarheid;
- aanwending van gesondheidsbeladings;
- verlies van dekking;
- nuwe wagtydperke vir voordele.

## Navrae

As u meer inligting oor die produk verlang, skakel asseblief die Sanlam Lewens Kliëntekontaksentrum. Ingeval van enige klagtes skakel asseblief ook die Sanlam Lewens Kliëntekontaksentrum by:

- Telefoon: 0860SANLAM (0860 726 526)
- Faks: 021 947 9440
- E-pos: stratus@sanlam.co.za

## Professionele vrywaringsversekering

Ons beskik oor professionele vrywaringsversekering.

### Notas:

Indien u op u eie met hierdie transaksie voortgaan, aanvaar ons dat dit nie op die advies van 'n Sanlam-adviseur of 'n makelaar gebaseer is nie.

Alle verwysings na Sanlam Lewens dui op Sanlam Lewensversekering Beperk. Sanlam Lewens is 'n Gelisensieerde Verskaffer van Finansiële Dienste en Geregistreerde Kredietverskaffer.